# Die Olielamp

**Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika**

## REDAKSIONEEL

*Dis 'n mooi somer oggend. Die son skyn en voëltjies fluit, terwyl jy nog ver in droomland is. Dan lui die wekker. Met 'n skok word jy wakker. Watter dag is dit vandag? Jy onthou, dis eksamen-tyd. Oor 'n uur moet jy neerskryf wat jy die hele jaar deur geleer het, of dalk net die dag voor die tyd. Jy sug. Hoekom moet 'n mens eksamen skryf? Hoekom moet ons skool toe gaan, werk of studeer? Kan 'n mens nie net die lewe rustig vat en doen waarvoor jy self lus is nie? Onwillig klim jy uit jou bed en gaan na die lokaal waar jy eksamen skryf. 'n Oggend-gebed klink deur die lokaal, 'Here, dankie dat ons mag eksamen skryf...'. Kan jy dit saam bid? Hoe kan iemand die Here dank dat hy of sy eksamen mag skryf? Die hele vraestel deur weergalm die woorde oor en oor in jou gedagtes. Wat sou hulle daarmee bedoel?*

God gee aan elkeen van ons 'n taak in ons lewe. Die een mag studeer, die ander werk en die ander mag skool toe gaan. Dit is 'n seën dat ons mag werk. Dink net aan die hoeveelheid mense wat graag sou wou werk, maar nie kan nie. Dink maar aan siek mense of gestremdes. Maar die Here gee jou die moontlikheid. Daarvoor moet ons dan ook dankbaar wees.

Die Here gee ons elke dag die tyd om ons werk te doen en vra van ons om dit na die beste van ons vermoë te doen. Dan mag ons nie Sy tyd steel, deur elke dag sonder lus ons werk te doen en die hele dag op ons horlosie te kyk wanneer ons weer huistoe kan gaan nie. Paulus skryf ook in 2 Tess. 4:11: "en julle eer daarin te stel om rustig te lewe en julle met julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het."

Ons taak is baie groter as wat ons werklik besef. Ons studie of daaglikse werk moet saam aan Christus se koninkryk bou. Die Here is oppad na die nuwe aarde en ons moet Sy mede-werkers wees. Is dit nie wonderlik om te weet dat ons, klein sondige mense, medewerkers van ons grote God mag wees nie? Gaan ek dan nog my werk met onwilligheid doen?

In hierdie uitgawe mag ons ook verder lees oor of die geografiese ligging van ons werk 'n belangrike rol in ons lewe speel. Verder is daar interessante artikels oor bybelstudie, voorstudie, die dood, sang in die erediens, menseverhoudings en nog vele meer. Mag ons deur hierdie uitgawe mekaar weer in die ware geloof opbou en versterk.

Geniet die uitgawe.
Namens
Pretoria – Maranata Redaksie
Linda de Vente

***Jaargang 8 nr 8, November 2004***

**INHOUD**


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | 1 |
| **Uit Die Woord** | **2** |
| Die dood - onreg van God, of 'n natuurlike proses? | 2 |
| Instandhouding van die huis van God: 'n Oorsig van 1-2 Timotheüs | 3 |
| **Op Pad** | **6** |
| Die waarheid bevry jou | 6 |
| Sang in die erediens | 8 |
| Voorstudie | 9 |
| **Voel Jy Ook So?** | **10** |
| Gaan die huwelik oor God of die mens? | 10 |
| Hoe goed ken ons mekaar? | 11 |
| Speel die geografiese ligging van die kerk 'n rol in jou beroepskeuse? | 13 |
| Wat beteken dit om Bubelstudie te doen? | 14 |
| **Deur Die Sleutelgat** | **15** |
| **Voetspore** | **16** |
| **Nog Iets** | **17** |
| Ons rykdom | 17 |

# UIT DIE WOORD

## DIE DOOD - ONREG VAN GOD, OF 'N NATUURLIKE PROSES?

*Arjan van Houwelingen*

Ons almal is gewoond aan die dood. Al eeue lank weet ons nie anders as dat elke mens tog op die ou end graf toe gaan nie. Asof die lewe eintlik nie kan bestaan, sonder dat die dood ook daar is nie. Ons sal nog skrik as 'n jongmens skielik sterf, maar baie meer verbaas wees as iemand wat oud is, net nie wil sterf nie! Logies, want die dood is oral om ons en dit blyk 'n natuurlike proses te wees. Hierdie 'natuurlike' gang van sake veroorsaak baie maklik dat ons die dood nie meer as vyand sien nie. Ons sien dit eerder as iets wat vir ons ons welverdiende rus gee na 'n lewe van ellende. Vandaar ook uitdrukkings soos " 'n sagte dood sterwe"

**Die dood is nie gewoon nie**

Maar is die dood so 'n natuurlike proses, waarmee ons nou maar net vrede kan maak? Nie vir God nie! Die skeppingsverhaal kan ons baie hieroor leer. In die eerste plek lees ons dat God na elke skeppingsdag bly en trots is oor sy werk. Telkens sien Hy weer dat dit goed was. In Gen 1:26, besluit God dan om die pronkstuk van sy skepping te maak: 'n skepsel wat soos Hy is en oor die aarde mag heers. Hy mag God se onderkoning hier op aarde wees. God vind dit pragtig en is trots op dit wat Hy gemaak het (Gen 1:31). As ons die eerste hoofstukke van Genesis lees, sien ons dat Hy met hierdie skepsels, die mense, dan ook 'n lewende verhouding aanknoop en met hulle gesels in die Paradys. Hierdie pragtige skepsels wil Hy verseker nie onder 'n grafsteen laat opeindig nie! Daarom sê God ook dat die skepping, veral die skepping van die mens, baie goed was. Dit sal Hy verseker nie sê van dood en ellende nie.

**Is die dood dan onregverdig?**

Tot dusver het ek nog net 'n mooi idilliese prentjie voorgeskilder - die eerste twee hoofstukke in die Bybel. Maar in Genesis 3 verander die prentjie skielik: Die mens pleeg sonde en die dood tree in die wêreld. As ons hierdie hoofstuk lees, veral nadat ons in die vorige twee hoofstukke gelees het hoe lief God vir sy skepping is, kan ons baie maklik krities raak: As God so min van die dood hou, hoekom straf Hy dan die mens met die dood? En dit na 'n sonde wat eintlik maar onbeduidend lyk: die eet van 'n vrug. Ons kan wel aan baie erger sondes dink! Moet die HERE daarvoor sy hele skepping verander deur die dood in te stel?


**REDAKSIES:**

**Pretoria**
Redaktrise: Carina Bijker caad@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

**Maranata:**
Redaktrise: Linda de Vente gdevente@global.co.za
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

**Kaapstad:**
Redakteur: Sjirk Geerts 14160986@sun.ac.za
Lede: Anja Luijk, Marthie Breytenbach
Finansies: Albert Drijfhout

**Administrasie & uitleg**
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker arjanb@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
*http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Om dit te verstaan moet ons eers ondersoek instel wat diè sonde vooraf gegaan het. In Genesis 2:17 sê God vir die mens: "As jy na My luister, sal jy lewe. As 'n toets van jou vertroue in wat Ek vir jou sê, verbied ek jou om van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. As jy daarvan eet, sal jy verseker sterwe." In Genesis 3:1 sê die duiwel vir die mens: "Jy sal nie doodgaan nie, God is net bang dat jy net so magtig soos Hom sal word!". God word dus ronduit as 'n leuenaar uitgemaak. Deur van die vrugte eet, maak die mens God dus eintlik ook uit as 'n leuenaar, of ten minste iemand wat jy nie heeltemaal kan vertrou nie. In elk geval kan jy maar beter probeer om self reg te kom, dan kom jy dalk baie verder!



Net soos God die lewe in die skepping ingebring het, beteken 'n lewe waar God sogenaamd oorbodig geword het, op die ou end die dood. Sonder God is daar nie lewe nie en as ons sonder Hom wil wees, sal ons verseker in die graf opeindig!

**God soek nog steeds nie die dood nie!**
Wat dan? Het God dit wel goed bedoel, maar Hy kon die mens nou maar eenmaal nie in toom hou nie, sodat hulle nou maar ongelukkig moet sterf? So iets van: "Dis jammer, maar dis nou maar eenmaal hoe dit is?". Dit lyk asof God en die mens, by die sondeval heeltemaal verloor het. Die mens was dom en God nie by magte om dit te keer nie.

Wie so praat, vergeet dat God self die dood ingestel het. Die dood is nie 'n mag wat buite beheer geraak het nie, maar 'n straf van God! Al is die dood nie deel van God se skeppingsplanne nie, het dit wel nodig geraak. God gebruik dit nou om ons te straf. Ons wou sonder Hom wees, nou sal ons sien hoe dit is om sonder Hom te wees!

In die Bybel word 'n straf dikwels as iets goeds voorgeteken. Daar is byvoorbeeld heelwat spreuke wat vertel dat 'n pa sy kind moet straf om hom op die regte pad te hou. So is die dood ook eintlik 'n bewys dat God sy skepping nie net aan sy lot oorlaat nie. Met elke sterfte, herinner Hy ons daaraan, dat ons nie sonder Hom moet probeer klaarkom nie.

En Hy laat dit nie net daarby nie! Hy het mense geskep om te lewe! En nie maar net 'n tydelike, moeisame lewe nie, maar 'n lewe vol vreugde saam met Hom! En wat Hy by sy skepping besluit het, sal Hy ook doen, of die mens nou wou saamwerk of nie. Al kan dit deur ons sonde nou nie sommer direk en vanself gebeur nie, het Hy vir ons 'n alternatiewe roete tot die lewe gegee: Die sterwe van sy eie Seun. Wie in Hom glo, het reeds die ewige lewe (Joh. 5:24). Dank God dat Hy ons nie wou uitlos, soos ons oorspronklik van plan was om met Hom te doen nie!

# INSTANDHOUDING VAN DIE HUIS VAN GOD: 'N OORSIG VAN 1-2 TIMOTHEÜS

***Magda Geleijnse***

Niks wat Paulus gedoen het was ooit spontaan of toevallig nie. Van die begin van sy sendingsreise af het hy sistematies sy reise beplan om elke uithoek van die Roomse Ryk te bereik. Een van die interessantste vrae in die bestudering van die Nuwe Testament, is Paulus se reisplan en aktiwiteite in die laaste jare van sy lewe. Kon hy dit al die pad maak tot in Spanje? Handelinge eindig stil waar Paulus in Rome

in hegtenis was en gewag het vir sy afspraak met die keiser in die jaar 62 n.C. Alhoewel die Nuwe Testament niks laat weet oor sy doen en late na die tyd nie, word dit ons wel duidelik gemaak dat Paulus uit sy gevangenskap in Rome vrygelaat is en verder gereis en Spanje bereik het, waar hy die Woord verkondig het vir nog 'n paar jare, voordat hy weer gevange geneem is en voor verhoor geplaas is voor Nero, wat hom terregestel het, ongeveer 67-68 n.C.

Blykbaar was dit in hierdie tydperk, naby die einde van sy lewe, wat Paulus hierdie twee briewe vir Timotheüs, sy geliefde en betroubare kind in die geloof, geskryf het, terwyl Timotheüs besig was om die Woord in die kerk in Efese te verkondig. Die twee briewe aan Timotheüs en die een aan Titus vorm 'n aparte briefgroep, bekend as die *Pastorale Briewe*. Hulle word so genoem, omdat dit met die kerke te doen het, die kerklike versorging van die gemeente en algemene riglyne omtrent die pligte van die herders en opsieners van die gemeente.

Die outeurskap van die Pastorale Briewe (1 & 2 Timotheüs en Titus) word egter deur moderne kritici bevraagteken. Die redes daarvoor is as volg:

· Die geskiedkundige verslae, soos beskryf in Handelinge, pas nie in met Paulus se reise, soos beskryf in die Pastorale Briewe nie.
· Die skryftrant is merkwaardig verskillend van Paulus se ander briewe.
· Die taalgebruik verskil ook baie van die taal wat in Paulus se ander briewe gebruik is.
· Die die kerk word beskryf as 'n tipiese 2de eeuse kerk, terwyl die kerklike organisasie meer gevorderd was as in die tyd van Paulus.

Die redes waarom Paulus wél as die outeur van die boek Timotheüs beskou word is:

· Daar word niks daaroor gesê, dat die boek Handelinge die volledige geskiedenis van Paulus se lewe is nie. Sy dood word nie eers in Handelinge beskryf nie.
· Paulus is uit die gevangenis vrygelaat en het oral heen gereis, terwyl hy die Woord van God verkondig het. Hy is meer as een keer gevange geneem daarvoor en is daarna onder die regering van Nero gemartel.
· Woordkeuse en skryfstyl is nie genoeg bewys om Paulus as outeur af te wys nie. 'n Skrywer se keuse van woorde wissel na gelang van die onderwerp, net so ook die styl van skryf. Aangesien dit Pastorale Briewe is, sal Paulus se skryfstyl en gebruik van taal anders wees as die res van sy briewe.
· Daar is beweringe dat die briewe deur Paulus geskryf is.
· Timotheüs was die seun van 'n Griekse heidense vader en 'n Joodse moeder. Sy ma se naam was Euníce. Timotheüs was ook ten nouste betrokke met Paulus vanaf die tyd van Paulus se tweede sendingsreis tot waar hy in beheer gelaat is van die kerk in Efese. Die briewe aan Timotheüs vind plaas na 'n besoek van Paulus en is Paulus se instruksies aan Timotheüs, aangaande die organisering en struktuur van sy pastorale pligte.

Die oorwegende getuienis uit die vroeë kerk is egter dat hierdie briewe deur Paulus geskryf is en deur die kerk as deel van die kanon aanvaar is. Hierdie toedrag is vir die eerste keer in twyfel getrek toe Schleiermacher (1807) beweer het dat Paulus nie die skrywer van 1 Timotheüs kon gewees het nie. Van daardie tyd af is daar vraagtekens geplaas by die pauliniese outeurskap van die Pastorale Briewe, maar hulle kanonisiteit is nooit in twyfel getrek nie.

**Agtergrond:**
In hul eerste sendingsreis het Paulus en Barnabas in Listre, 'n stad in Likaonië, gepreek en was suksesvol te midde van vervolging en verdrukking. Dit blyk dat gedurende die prediking 'n Joodse vrou genaamd Lydia en haar dogter Euníce hulle tot God bekeer het. Euníce was getroud met 'n Griekse heiden, saam met wie sy Timotheüs gehad het, heel moontlik haar enigste seun. Klaarblyklik is Timotheüs grootgemaak in die Joodse geloof, maar sy vader het geweier dat hy hom laat besny. 'n Innige verhouding het van die begin af tussen Paulus en Timotheüs ontwikkel.

Toe Paulus op sy tweede sendingsreis na Listre teruggekeer het, het hy ontdek Timotheüs was 'n lid van die kerk en baie

gerespekteer onder die leiers in Ikonium. Onder leiding van die Heilige Gees, het Paulus ook Timotheüs tot sy apostoliese volgelinge gevoeg. Aangesien hulle tussen Jode gereis het, het Paulus Timotheüs aangeraai om hom te laat besny, nie omdat dit noodsaaklik was nie, maar sodat die Jode nie aanstoot neem omdat sy ma Joods was nie.

**Datum:**
Paulus het Efese ongeveer in die jaar 63 v.C. besoek, nadat hy van sy eerste Romeinse gevangenskap bevry is. Kort nadat hy weg is, het hy Timotheüs daar in beheer van die kerk gelaat. Hy het waarskynlik sy eerste brief rondom die jaar 64 v.C. geskryf.

**Doel:**
Die hoofdoel van die brief was om Timotheüs aan te moedig in sy moeilike taak om die leerstellings en praktiese foute in die kerk in Efese te konfronteer, en om hom instruksies omtrent die pastorale verantwoordelikhede, kwaliteite en take in die leierskap van die gemeente te gee.

**Inhoud:**
Die taak wat Paulus aan Timotheüs gegee het, het 'n paar moeilikhede ingehou en dit is waarom hy die noodsaak gevoel het om 'n brief aan hom te skryf met instruksies wat hom sou leer hoe om die probleme te hanteer. In dit vertel hy hoe om valse profete te beveg, hoe om die eredienste te reël en hoe om die verskillende sosiale klasse in die gemeente omsigtig te hanteer. Dit kan opgesom word as *onderrig in die apostoliese geloof en die bekragtinging / bevestiging daarvan deur 'n voorbeeldige lewe*.

**Aanleiding:**
Die pastorale briewe is geskryf om die valse prediking, wat die jong kerke negatief beïnvloed het, te verhinder. Die kerke se grootste gevaar was intern, groter as die eksterne vervolging. Paulus het sy apostoliese genote aangespoor om die interne gevaar te dwarsboom met geen onduidelike onderwysing, deur sy voorbeeld van 'n godsvrugtige lewenswandel en deur leiers te organiseer en te leer vir die gemeentes.

1 Timotheüs laat dit deurskemer dat Timotheüs in Efese was tydens Paulus se skrywe van Macedonië af (1Tim 1:3). Timotheüs was vermoedelik nog steeds in Efese toe hy 2 Timotheüs (2 Tim 1:18) ontvang het. Die tweede brief was uit 'n Roomse gevangenis geskryf. Ons is nie seker oor Paulus se doen en late tussen Macedonië (1 Tim) en Rome (2 Tim) nie. Die volgorde van sy briewe was 1 Timotheüs, Titus en toe 2 Timotheüs.

**Persoonlike toepassing:**
Die briewe is nie riglyne wat net bedoel was vir die verantwoordelikhede as 'n Christelike leier vir Timotheüs nie, maar dien as 'n handleiding vir bedienaars van die Woord reg deur die hele geskiedenis van die kerk. 'n Duidelike les word benadruk in Paulus se instruksies: Die kerk moet kan staatmaak op 'n goed voorbereide en toegewyde ampsverrigting. Maar meer selfs, die bedienaars is veronderstel om permanente kontak met God te handhaaf deur middel van gebed en bestudering van die Bybel (sien 2:1,8, 4:6,12-16). Die predikant moet eers sy eie wese voed deur die woorde van geloof en goeie leerstelling (4:6) en dan die gelowiges in die noodsaak van 'n Christelike lewenswyse onderrig.

**Christus geopenbaar:**
Die godheid van Christus is sigbaar, daarom plaas Paulus hom op die selfde vlak as God die Vader (1:1,2, 3:16) en openbaar sy algehele almag en ewige krag (6:15,16). Jesus is die bron van genade, barmhartigheid en vrede (1:2,14), waarmee hy die apostel Paulus toegerus het (1:1) en hom voorberei het vir sy sending (1:12). Christus is Here (1:2,12,14, 5:21, 6:3,14,15) en Verlosser (1:1, 15), "wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal" (2:6). In die volhouding van sy verlossingswerk is Christus die enigste "Middelaar tussen God en die mense" (2:5), die pad van toegang na God. Die Here is ons hoop (1:1) en die belofte van sy wederkoms is 'n dryfveer vir geloof in dienswerk en reinheid in ons lewens.

**Die Heilige Gees in aksie:**
Direkte verwysings na die Heilige Gees is skaars in 1 Timotheüs, maar sy werking word gedemonstreer in die ontstaan van die kerk in Efese (Handelinge 19:1-17). Die

"petisies" (2:1) is gebede wat smeek vir die hulp van die Heilige Gees (Rom. 8:26,27). Die versekering dat die "Gees uitdruklik sê" (4:1), onderstreep die aanhoudende teenwoordigheid van die Heilige Gees en Paulus se ontvanklikheid van sy openbaarmaking. In 4:14 herinner Paulus Timotheüs aan die "genadegawe" wat aan hom gegee is "deur die profesie", 'n spesiale kwaliteit vir die vervulling van die bediening. Verder stel 'n leier, wat van die Heilige Gees vervul is, 'n goeie voorbeeld voor, soos wat gebeur het toe die eerste leiers van die kerk aangestel is (Hand. 6:3).

Tesame met al Paulus se ander uitstaande kwaliteite, was hy 'n begaafde bestuurder van sendings- ondernemings. Binnekort, egter, sou hy nie meer daar wees nie en die beheer sou in die hande van ander val. Een van sy grootste verwagtinge was Timotheüs, wat nou baie van Paulus se werkslading moet oorneem, noudat sy lewe op 'n einde loop en moet leer hoe om 'n effektiewe bestuurder te wees. Hierdie briewe aan Timotheüs gee hom advies oor baie noodsaaklike aspekte oor hoe om God se huishouding te bestuur.

Dit gaan in die pastorale briewe hoofsaaklik oor hoe om die goeie stryd te stry, goeie gedrag in die huis van God, die wet, gebed, kwalifikasies vir ouderlinge en diakens, die laaste dae, versorging van weduwees en bejaardes, die regte optrede van manne en vroue, die regte gebruik van stoflike rykdom, hoe om 'n goeie soldaat vir Christus te wees, die inspirasie van die geskrfite en optrede teen dwaalleraars.

Al hierdie voorskrifte maak hierdie briewe van blywende waarde vir die kerk en sy ampsdraers. Maar ook vir die gemeente self bevat hulle 'n boodskap. Ons vind hier wel nie die diepsinnige teologiese uiteensettinge wat in die hoofbriewe voorkom nie. Hier gaan dit eerder oor die godsdienstige lewe en die praktiese uitlewing van die belydenis.

# DIE WAARHEID BEVRY JOU

***Jan Geerts***

Vir jare was twee mans vriende, totdat die een ouderling in die ander een se wyk geword het. Eweskielik was die vriendskap verby, want nou moes die ampsdraer ander vrae vra. Waar het hulle al die jare dan oor gepraat? En wat is vriendskap? Is dit nie so dat jy in jou Christelike verbintenis as vriende, baie meer vir mekaar kan beteken as watter ampsdraer ook?

**Ontkenning**

Mense kan mekaar so afstandelik behandel. Selfs wanneer hulle bevriend is, en jare lank dinge saam doen. Daar word oor die gebeurtenisse in die kerk en wêreld gesels, standpunte word ingeneem en daaroor word gedebateer. Maar wie hy/sy nou eintlik in sy/haar hart is, word buite beeld gehou. Die liefde beperk hom tot dieselfde belangstellings of die dinge wat hulle saam onderneem.

Vra jouself af, as jy op die manier met iemand bevriend is. Jy doen die ander in feite geen goed nie, want jy kyk heeltyd verby die belangrikste in die ander persoon.Dit is nie maklik om 'n diepgaande gesprek te voer nie, maar dit is erger om te swyg. Dit kom dan daarop neer, dat jy sy innerlike ontken. Asof net sy uiterlike, sy gedrag, belangrik is.

Aan die ander kant, is dit moontlik om jou op hierdie manier te verberg. Jy praat en is besig, maar skerm jouself tegelykertyd voortdurend af. Wie jy is, moet nie op die voorgrond kom nie. Jy sorg dat jy eerste is met opmerkings, omdat dit jou sterk en minder kwesbaar maak. Op die manier, kan

niemand jou innerlike leer ken nie en terselfdertyd begin jy delf ook vergeet wie jy nou eintlik is, want alles word bepaal deur wat ander mense van jou dink.

**Leuen**

As jy op die manier met mekaar omgaan, skynbaar oop maar in feite gesluit, is daar min fantasie nodig om die skade te voorspel. Dan word iemand aan die buitekant anders as aan die binnekant. Iemand wat presteer, lekker kan gesels, of populêr is, trek aandag. Sommiges bereik hierdeur die hoogste vlak en word op tv bewonder, maar daar is ook ander wat probeer, maar wat nie naastenby dieselfde hoë vlak bereik nie.

Is dit vreemd, dat baie mense hulself in hul harte as mislukkings beskou, omdat hulle nie so goed soos ander mense is nie? Hierdie mense vereensaam, omdat hulle hulself nie as belangrik genoeg ag nie. Die gevolg is, dat jy alleen bly in jou persoonlike verdriet, foute, sonde, verslawings, ens. Jou lewe word 'n leuen, omdat jy jou anders voordoen as wat jy werklik is. 'n Leuen waarin jy vas sit, want hoe moet jy daarvan wegbreek? Daar is baie sukses en plesier nodig om sulke chronise skuldgevoellens te onderdruk.

**Bevryding**

Paulus spoor ons aan om die leuen af te lê (Ef 4:25). Dit is 'n merkwaardige manier van praat. Asof die leuen 'n kleed is, 'n baadjie wat jy aantrek en waarin jy kan wegkruip, sodat ander mense net jou beskerming sien. Is dit erg om uit jou skulp te kruip en te laat sien wie jy werklik is? Dit lyk so, maar eintlik is dit 'n geweldige bevryding. 'n Verborge lewe, gevang in eensaamheid, kom in die lig. Dit kan en mag. Daar is 'n ander kleed wat jy mag aantrek. Paulus skryf vir die Galasiërs, dat hulle hul met Christus beklee het (Gal. 3:27). Christus is die waarheid. Wie Hom bely en sy lewe aan Hom voorlê, hoef homself nie te verberg nie. Die waarheid is dat Hy jou as sondige mens aanvaar. As Hy jou nie veroordeel nie, hoef jy nie bang te wees vir die oordeel van ander mense nie. Jy mag te voorskyn kom, ongeag wat mense van jou dink. Wat Christus van jou dink is die belangrikste.

Wie hom met Christus beklee is beter beskerm, maar dit is geen afskerming nie. Inteendeel, almal mag sien wie ek in Christus is. Die kleed is deursigtig en jy hoef jou nie nie beter of slimmer voor te doen as wat jy is nie. Jy mag wees soos jy is. Die binnekant en buitekant kom weer bymekaar. So word jy naamlik deur God aanvaar. Die waarheid bevry jou aan die binne-en buitekant.

**In die leuen vassit**

Op die manier sien ons, dat die leuen nie iets is wat jy nou-en-dan doen nie. Dit is iets waarin jy leef. Dit is 'n houding, 'n uitgangspunt en jou (onbewuste) keuse om op allerhande maniere jouself in die samelewing te red en op jou eie kragte te oorleef. Jy kan die leuen uitspreek, maar ook in praktyk bring, deur voortdurend jou Verlosser te ontken en jou verlossing in jouself te soek. Deur Hom te verloën en jouself te bely.

Pasop, want voor jy dit besef, het die leuen jou beet. Jy gebruik die leuen om jouself in die samelewing te handhaaf. Volgens HK Sondag 43 moet ek dit as die duiwel se eie werke vermy. Christus word op die agtergrond gedruk, in plaas daarvan dat jy Sy beeld probeer dra. Sien jy hoe jy hierin gevange sit? Hoe jy op die manier volledig van jou eie krag en moontlikhede afhanklik is en (nog erger), van die oordeel van mense.

Jy kan alles kamofleer. Dis moontlik om op die manier tog goeie standpunte in te neem en jou daarvoor te beywer. Jy voel belangrik, want jy het dit so nodig om respek en waardering te kry. Tog kort daar iets. Ek hoor soms hoe mense hulle sin kry, wat niks met die gesindheid van Christus te doen het nie. Degenererend, kwetsend, veroordelend, om jouself ten koste van ander te handhaaf. So iemand kan tog in sekere opsigte reg wees, terwyl die leuen hom gevange hou.

Wie homself voor mense groot maak, hou hom baie keer ook groot voor God. Aan die ander kant is dit so, dat die een wat deur die waarheid aangeraak word, weet dat Christus hom as sondaar aanvaar en homself dus ook nie voor mense nie groot sal hou nie. Op die manier kan die leuen en die waarheid maklik onderskei word.

**Lewe in die waarheid**

As jy 'n broer of suster op 'n oortreding betrap, kan jy hom/haar met die grootste reg vertrap, maar help hom/haar eerder op met die gees van sagmoedigheid (Gal. 6:1), terwyl jy op jouself en op Christus let. Op die manier doen jy reg aan God se genade, want die oortreding bepaal nie hoe iemand is nie, maar sy Skepper en Verlosser. Jy handel vanuit die waarheid van Christus as jy nie iemand aan sy foute ophang nie. So is die lewe as jy vry is, in die gesindheid van Christus, ook-al moet jy iemand vermaan, omdat hy ernstig gesondig het. Dan doen jy dit uit liefde want jy sien die persoon in die ander mens raak en jy is besorg oor sy ewige behoud. God is die bevrydende waarheid waarin ons mag leef en wat ons op ons lewe en op ander mag toepas. Dit moet in hierdie volgorde gebeur, anders werk dit nie. Jy is 'n betroubare getuie as jy die waarheid nie verswyg nie, maar opnoem en aandra, met woorde en dade. Op die manier word dit steeds minder belangrik wat mense van jou dink en hoe jy jouself beoordeel (1Kor 4:1-5). God sê wie jy is, hoe Hy jou sien. Met die Woord en sakramente oortuig Hy jou daarvan.

Op die manier kan jy oop na Hom toe gaan en Hom in alles waarin jy eensaam is betrek. Dan sal jy sien dat jy ook meer oop teenoor ander mense is. Dit beteken nie dat jy alles wat persoonlik is vir almal moet wys nie, maar wel dat vriende in jou hart mag kyk om te sien waarmee God in jou lewe besig is. Dat dit saam vir julle belangrik is om bo alles te bewaar, om so vir mekaar 'n waardevolle ampsdraer ('n Christen), 'n geskenk van God te wees.

Vertaling van artikel uit Reformatie van
Drs B Luiten. (nr 29, 24 April 2004)

---

# SANG IN DIE EREDIENS

***Corlia Drijfhout***

Waarom sing ons in die erediens? Is dit nie 'n gewoonte wat ewegoed nagelaat kan word nie? Dat die gemeente in die erediens sing, is nie iets wat maar toevallig so is, of as 'n mooi gewoonte of 'n eksta verfraaiing dien nie. God self het ons die Psalms gegee om te sing!

In die Psalms leer die HERE ons hoe ons op Sy openbaring moet antwoord, hoe ons tot Hom moet bid en hoe ons Hom moet loof. Uit die Psalms kom ons byvoorbeeld agter hoe Dawid in moeilike omstandighede aan die HERE bly vashou het. Deur die sing van die Psalms word ons ook bemoedig en in ons geloof versterk. Bowenal mag ons nooit uit die oog verloor dat die HERE ons die Psalms veral gegee het, om ons te leer hoe om op Sy liefdeswoord in die verbond te kan en moet antwoord.

Daar is baie voorbeelde van sang in die Bybel. In die Ou Testament is daar gesing by bv. byeenkomste van die volk Israel en veral by die tempeldiens en later in die sinagoge. Verder, in die N T, het ons voorbeelde dat Jesus en Sy apostels gesing het ( Mark 14 : 26; Hand 16 : 25 ).

Die diepste motivering vir die sang in die erediens kom uit die saak self, nl. dat dit in die erediens oor die verlossing deur Jesus Christus gaan. 'n Gemeente wat verstaan dat hy uit genade deur God verlos is en die ewige lewe deelagtig geword het, kan nie anders as om daarvan te sing nie. Die gemeente sing ten diepste, omdat hy dankbaar is vir die wonderlike verlossing. Wanneer die gemeente sing, rig hy sy gesig tot God om Hom die lof te bring vir Sy groot heilsdade.

Sowel Luther as Calvyn het hulle op twee tekste beroep as 'n grond waarom in die erediens gesing moet word. Efesiërs 5 : 19 "Spreek onder mekaar met Psalms en lofgesange en geestelike liedere; en sing en Psalmsing in julle hart tot eer van die Here" en Kolosense 3 : 16 "…leer en vermaan mekaar met Psalms en lofgesange en geestelike liedere en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here". Hierdie tekste is ook tot die eer en verheerliking van God gerig. Die bedoeling van die sing van Psalms in die erediens, is ook dat die gelowiges mekaar daardeur moet opbou,

versterk en vermaan en andersyds is dit die verkondiging van die evangelie van die gelowiges teenoor mekaar en teenoor die wat buite is. Ons kan sê dit het die driedubbele betekenis van verheerliking van God, van belydenis en van verkondiging.



Die Bybel en veral die boek Openbaring wys watter groot plek sang in die hemelse erediens inneem Die verlosdes en ander hemelse wesens sing op 'n besondere wyse en van 'n duidelike inhoud voor God se troon en op die nuwe aarde sal daar gesing word deur hulle wat nou reeds in Jesus Christus glo. Dan gaan die aardse erediens in vervulling. Indien daar in die toekomstige erediens soveel plek aan sang gegee word, moet dit as minstens net so belangrik vir die voorlopige erediens op aarde beskou word.

Dit is elke Christen se opdrag om God te loof en te prys deur Psalms tot Sy eer te sing. As God gepraat het, kan ons as Christene nie stilbly nie en wil ons Hom uit dankbaarheid vir sy verlossings dade loof. "Loof die Here, o my siel en alles wat binne in my is, Sy heilige Naam!" (Psalm 103 : 1). "Ek wil die Here loof met my hele hart; ek wil al U wonders vertel. In U wil ek bly wees en juig; ek wil Psalmsing tot eer van U Naam, o Allerhoogste" (Psalm 9 : 2, 3).

# VOORSTUDIE

Almal ken die woord 'Voorstudie'. Dit is een van die belangrikste dele van bybelstudie doen, maar doen ons dit regtig? Dit is daarom goed om eers na die doel van voorstudie te gaan kyk en wat dit dan vir ons en ons naaste beteken.

Eers moet ons kyk *hoekom* ons bybelstudie moet doen. Deur bybelstudie te doen, laat ons die Heilige Gees toe om in ons harte te werk, want Hy gebruik die Bybel as middel daarvoor. Ons mag God se Woord nie veragsaam nie, maar moet dit as 'n waardevolle brief, wat Hy aan sy volk geskryf het, aanvaar. Hy skryf vir ons, hoe ons, as ware kinders van Hom, moet lewe. Daarom moet ons ook die begeerte hê om dit wat Hy vir ons in hierdie onfeilbare brief skryf, te wil verstaan en daarvolgens te lewe.

Deur goeie voorstudie te doen, kan ons ook die bybelstudie bevorder. Nie net vir ons eie opbou nie, maar ook vir ons naaste. Elke dag word deur werk, skool, vryetydsbesteding en baie meer, in beslag geneem. Dit veroorsaak dat daar maar min tyd vir persoonlike bybelstudie oorbly. Dit word dan meestal ook nog afgeskeep, omdat ons te moeg is. Hierdie verskoning gebruik ons selfs partymaal by die bybelstudievereniging. Is hierdie verskoning nie onredelik nie? Die Here het vir ons 'n hele Sondag gegee, om Sy Woord te bestudeer en te rus. Dit raak tyd dat ons oor ons prioriteite goed begin nadink. Dan sal jy agterkom, dat as jy regtig wil, jy die tyd sal hê om goeie voorstudie te maak. En op die verenigings- aand wat jy nie voorstudie gedoen het nie, sal jy agterkom dat jy pas aan die einde van die aand op die punt is waar die ander mee begin het. So doen jy jouself en jou naaste tekort.

Ons doen gewoonlik alleen Voorstudie. Dit kan soms ook met ons persoonlike bybelstudie saamval. Sorg dat dit in 'n rustige gebied gebeur, sodat jy goed kan konsentreer, om sodoende die gedeelte beter te kan verstaan. 'n Ander opsie, is om saam met 'n groepie voorstudie te doen. Dit is baie stimulerend, maar die gevaar daarvan moet ook ingesien word. Dan moet mens oppas, dat daar geen 'elite-groepie' vorm nie.

Hier volg 'n paar riglyne wat gebruik kan word, om goeie voorstudie te kan doen:

- Oriënteer die gedeelte in die bybel.
  - Kyk na die tipe gedeelte. Is dit bv. geskiedenis of 'n gelykenis, 'n psalm, ens.?
  - Kyk na die konteks waarin die gedeelte geskryf is.
  - Soek verbande tussen plekke, name, omstandighede en die tyd wanneer die gedeelte plaasgevind het.

- Verklaar die gedeelte deur:
  - Ander vertalings te lees *en/of*
  - Verklarings te lees.

By hierdie gedeelte van voorstudie, moet jy krities wees en onthou dat die Here nie vir ons 'n Bybel gegee wat onduidelik is nie. Hy wil dan hê, dat dit vir ons die pad na saligheid wys. Die onduidelikheid daaraan, is die skuld van die mens, wat dit met sy sondige verstand nie kan verstaan nie.

Die Toepassing

- Nou moet ons onsself afvra, wat hierdie gedeelte vandag vir ons beteken. Die belydenis-skrifte gee hierin goeie leiding en kan baie help, ook wanneer meer algemene sake aangeraak word. Dit help ook om die gedeeltes uit die bybel op te soek, wat gebruik is om die artikels te skryf. Dit bring dan die gedeelte van bespreking in goeie verband met die res van die bybel, sodat ons die onderliggende kennis mag raaksien.

Deur goeie voorstudie te doen, kan daar meer insiggewende vrae op 'n verenigingsaand gevra word en die bespreking goeie opbou vir mekaar beteken.

Ps 111:10

> "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand."

Vertaal uit "Zonder omweg" cjb. Jaargang 39, nr 11, 16 Nov. 1984.

Skrywer A.T. Kamsteeg

# GAAN DIE HUWELIK OOR GOD OF DIE MENS?

***Petra Ros***

So 'n paar weke gelede was daar 'n artikel in die Beeld oor die Hervormde Kerk wat 'n nuwe instelling wil maak rakende die huwelik. Hulle wil hê dat 'n man en 'n vrou, waar òf een van die twee, òf albei voorheen al getroud was en nou geskei is en met mekaar wil trou, dit kan doen sonder om sekere voorregte op te offer! Die wet bepaal dat 'n man sy onderhoudsgeld aan sy gewese vrou dadelik mag staak, sodra sy weer trou. Ook word 'n bejaarde vrou se pensioengeld opgeskort as sy weer trou. Om dié voorregte dan nie te verloor nie, wil die twee betrokke persone wat wil trou, hul huwelik slegs kerklik laat bevestig – m.a.w. voor God en Sy gemeente trou, sodat dit nie sonde sal wees om soos man en vrou saam te lewe nie. Maar hulle wil nie wettiglik trou nie, anders verloor hulle die bogenoemde voorregte. Hulle het dus 'n manier bedink om die kerk 'gelukkig' te hou en om die wet te omseil!

Maar wat sê die Here oor die huwelik? In ons kerk gebruik ons die huweliksformulier. Daar word afgekondig dat twee persone die kerklike bevestiging van hul huwelik

aangevra het, omdat hulle begeer om hierdie heilige instelling in die Naam van God te begin en ook tot Sy eer wil volbring. Dus, in die eerste plek is die huwelik 'n heilige instelling. Die huwelik is nie sommer 'n saamwoon van twee persone onder een dak nie, maar 'n lewensinstelling, wat nie sonder rede heilig genoem word nie. Ten tweede word daar gesê, dat hulle die huwelik in die Naam van God wil begin. Daarvoor kom die gemeente, vriende en familie saam in die kerk om die huwelik amptelik in te lei. Ten derde wil hulle die huwelik tot lof van God voleindig. Die eer van die Here is in die geding by so 'n gewigtige oomblik, naamlik 'n huweliksluiting. Sy Naam word genoem! Maar Sy eer is ook in die geding by die voortsetting van die huwelik, sodat ook die einde van die huwelik 'n saak sal wees waarin die Here lof ontvang.

Die Bybel is altyd baie positief oor die huwelik. Luther lees, tot sy verwondering, dat die Here oordeel, dat dit nie vir die mens goed is om alleen te wees nie. Daarom maak God 'n hulp wat by die man pas en dis Hy wat besluit dat hulle een vlees moet wees. Dit is uit die staanspoor dus duidelik dat die Here die huwelik geensins as 'n minderwaardige saak sien nie. Die huwelik is 'n geskenk. As 'n seun en 'n dogter mekaar vind en liefkry en begeer om hulle lewe lank in die trouverbond saam te wees, kry hulle mekaar as 'n wonderlike geskenk uit die hand van die Here. Ons moet die huwelik dan ook gebruik vir diè doel waarvoor God dit gegee het. Ons moet dit op die regte wyse hanteer en benut en ook mooi hou! Die huwelik is 'n gawe om dankbaar te aanvaar, maar ook ernstig op te neem. God het dit tot Sy eer geskep en ons moet dit gevolglik tot Sy eer gebruik. Saam mag mens nou die Here dien en tot Hom bid. In die moeilike tye vra vir Sy hulp en in die makliker tye dankbaar bly wees! Eendag word vandag se bruilof dan ook vervul in die ewige vreugde van die bruilof van die Lam.

Word die huwelik dan sò geheilig as wat die Here dit wil hê, as dit net kerklik bevestig word maar nie wettiglik nie? Word die Naam van die Here groot gemaak as die mens die wet probeer omseil vir eie gewin en materialistiese dinge? Word die huwelik dan nie maar as minderwaardig gesien nie en word die huweliksbeloftes nie leeg en nutteloos – belaglik – gemaak nie? Word die huwelik dan ooit nog ernstig opgeneem? Die fokus is hier nie meer op die Here en Sy groot geskenk aan ons, soos dit moet, nie, maar op die mens en hoe hy die Bybel kan aanpas om sy lewe so gemaklik as moontlik te maak. Laat ons waak teen sulke dwaalleringe wat dalk baie mooi en gemaklik lyk, maar direk teen die Wil van God ingaan. Laat ons alles eers aan die Bybel, die Woord van God toets en doen wat Hy aan ons in Sy Woord sê.

# HOE GOED KEN ONS MEKAAR?

***Werner vd Westhuizen***

*Ons weet dat ons as Christus se gemeente hier op aarde mekaar moet liefhê en dien. Om die waarheid te sê - ons het mekaar nodig. In ons huidige sameweling is dit nogal kontrasterend met wat die wêreld ons leer. Hoe kan ons steeds besef hoe belangrik menseverhoudings is in ons eie lewens?*

Almal van ons weet presies wat die term "Gemeenskap van die Heiliges" inhou. Miskien het ons dit al soveel keer gehoor, dat ons nie meer regtig besef waaroor dit werklik gaan nie. Ons almal is deel van Christus se liggaam - elkeen het sy/haar gedeelte om saam te werk in die groter Eenheid. Hoe klein of onbelangrik ons ook al mag voel, ons deel en funksie in Christus se liggaam is onmisbaar - vir Hom, maar ook vir ons medemense.

Ons mag weet dat ons deel uitmaak van Christus se gesin, maar dan moet ons onsself ook daarvolgens gedra. Ons moet met liefde na ons mede-Christene uitleef en ook mekaar opbou, versterk en troos. Makliker gesê as gedaan, maar tog kan ons probeer om die fokus meer daarop te plaas om ons mede-jeuglede beter te leer ken, om sodoende werklik gemeenskap met mekaar te mag ervaar. Hierdie gemeenskap is 'n intieme, opregte gemeenskap, wat opbouend is vir almal wat deel daarvan vorm.

Ja, Sondae se Erediens en Bybelstudie vorm alles ook deel van die gemeenskap, maar 'n meer intieme en persoonlike gesprek is die tipe waar ons mekaar regtig leer ken, opbou en versterk om so aan Christus se liggaam te kan bou.

**Opregtheid en Eerlikheid**

Opregte, persoonlike hart tot hart gesprekke is een van die vereistes om die gemeenskap regtig te ervaar. Dikwels raak ons gou verdwaald en praat oor verskillende menings / sienings en vergeet dat die geloof persoonlik is vir elkeen van ons. Miskien het ons te versigtig groot geword om nie sommer links en regs oor "dieper" geloofsdinge te praat nie, maar as ons om Christus se Woord vergader, moet opregtheid en eerlikheid die fondament wees waarop ons bou.

Hiervoor het ons definitief moed en nederigheid nodig – veral in 'n groter groep. Intieme gesprekke waar ons in alle opregtheid kan praat oor ons eie sondes, is definiteif een van die beter maniere om saam in ons geloof te groei. Hierdeur word ons ook weer saamgebind tot 'n hegter gemeenskap wat bid, omgee en omsien na mekaar.

**Omsien na mekaar**

Almal van ons is van mekaar afhanklik deur die liggaam van Christus. Daardeur kan ons mekaar ook opbou en versterk. Om tyd te maak vir mekaar, is seker die grootste probleem wat ons deesdae het. Eksamens, projekte en ander dinge neem al ons tyd in beslag, sodat ons nie regtig tyd oor het vir die belangriker dinge in die lewe nie (Sien Artikel oor Tyd; Olielamp Augustus 2004). Onthou, een ding wat ons almal in gelyke ontvang het, is tyd en dit is ons mees kosbare geskenk wat ons vir ander kan gee.

Meelewe behels meer as om die persoon jammer te kry. Opregte meelewe is eerstens om die persoon se situasie te verstaan en om dan ook onsself in sy/haar situasie te verplaas. Twee menslike behoeftes is om verstaan te word en om erkenning te kry vir die gevoelens wat hy/sy beleef.

Ja, ons bly mense en daar sal permanent probleme en moeilikhede bly. Vergifnis van mekaar volg uit die genade wat God ons bewys het. Ons met mekaar nodig en sonder opregte liefde en wedekerigheid tot mekaar, sal ons altyd 'n beperking in ons geloofslewe ervaar.

**Ten slotte**

Die gemeenskap om te dien of om saam te ly, is seker een van die diepste vlakke van ons gemeenskap van mekaar. Ons, as liggaam, dra saam alle moeilikhede en probleme – as een lid ly, ly die hele liggaam saam (1Kor 12:26). Hoe goed ken ons mekaar regtig? En nou gaan dit nie oor lekker saamkuier en net lekker "chill" nie, maar oor ons dieper geloofslewe. Kan ons opregte, diepe vriendskap beleef, as ons nie ons grootste geskenk in die lewe met mekaar deel nie? Om mekaar se laste te dra en mekaar in moeilike tye te versterk, sal ons bande met mekaar en met Christus so versterk, dat niemand dit ooit sal kan verbreek nie!!

# SPEEL DIE GEOGRAFIESE LIGGING VAN DIE KERK 'N ROL IN JOU BEROEPSKEUSE?

*Olga v.d. Hout*

Kan ek gaan werk waar ek wil? Kan ek 'n beroep kies waarvan ek vooraf weet dat die kans om my beroep binne bereikbare afstand van 'n kerk uit te oefen, baie skraal is? Wat moet ek maak, as ek deur my werkgewer vir 'n lang tyd na die buiteland of 'n veraf plek gestuur word, ver weg van die kerk? Met sulke vrae kry ons te doen by ons beroepskeuses. Vrae waarop ons binne ons Christelike vryheid 'n antwoord sal moet vind. Vrae waarby ons ons deur God se Woord moet laat lei. (Sien ook vorige uitgawe van Die Olielamp: "Alles is my geoorloof, maar…").

Om by 'n sinvolle antwoord op hierdie spesifieke vraag te kom, kyk ons na die kies van 'n beroep in 'n breër aspek. Ons kyk dan nie net na die beroep (die tipe werk) self nie, maar ook na die omstandighede en geografiese ligging wat sekere beroepe kan kenmerk.

As kriteria vir 'n Christelik-verantwoorde beroepskeuse, kan ons ons die volgende vrae stel:

**Kan ek God daardeur verheerlik? Kan ek God op daardie plek verheerlik?**
Die eerste vraag dien as 'n skeiding tussen aanvaarbare en nie-aanvaarbare arbeid. Met laasgenoemde, word dan on-etiese arbeid bedoel, bv. 'n verbintenis met 'n dobbelhuis, prostitusie of die smokkel van dwelmmiddels. Die vraag is tegelyk ook 'n aanduiding tot die motief en doel waarmee jy 'n bepaalde beroep kies. Die moontlikheid om God te verheerlik, is nie altyd so vanselfsprekend nie, bv. die bestuurder van 'n drankwinkel. As jy God nie in 'n spesifieke beroep kan verheerlik nie, kies dan 'n ander beroep. Ons kan ook die vraag stel: Kan ek God in daardie bedryf/omstandighede/plek verheerlik? Die spesifieke bedryfskultuur, kollegas, werksomstandighede of plek van arbeid kan veroorsaak dat hierdie vraag negatief beantwoord moet word.

**Waar is ek die nodigste?**

Wie bv. vir meerdere beroepe geskik is en in alles ewe goed sal vaar, moet vasstel waar die grootste behoefte aan hulp is. 'n Beroep word mos ook gekies met die oog op diensbaarheid. Die oorweging kan 'n mens nie net na ander dele van ons land neem nie, maar ook na ander lande, bv. ontwikkelende lande of buitelandse sending. Dit kan 'n mens ook na plekke ver weg van die kerk, die gemeenskap van die heiliges, neem. Ons kan die vraag ook vanuit die posisie van die kerklidmaat probeer beantwoord. As ek voor 'n keuse gestel word, om na 'n verafgeleë plek gestuur te word, waar is ek die nodigste? Hier by my bestaande werksplek, naby die kerk waar ek diensbaar kan wees binne die gemeente, of die veraf plek, waar ek myself buite die gemeenskap van die heiliges plaas?

**Sal ek daarin vreugde vind?**
Agter 'n beroepskeuse skuil nie net roeping en aanleg nie, maar ook lus. Daarom moet jy 'n persoonlike tevredenheid in jou beroep vind. Ook in die vrye tyd (aande en naweke) sal my beroepskeuse my vreugde moet gee. Kan ek die Here met vreugde dien daar waar ek werk? Alleen en buite die direkte gemeenskap van die heiliges?

**Watter vooruitsigte bestaan daar?**
As vreugde deel van 'n mens se arbeidsverrigtinge mag wees, mag vooruitsig op sukses ook sekerlik deel daarvan wees. Geborgenheid en stabiliteit, aangename werks-omstandighede en loon, maar ook bevorderingsmoontlikhede, is almal faktore wat oorweeg mag en moet word by die keuse van 'n beroep. Wie nie hiermee rekening hou nie, laat nie sy gesonde menswees funksioneer nie. Dit kan dus gebeur dat ons werk ons vir (bepaalde) tye ver weg van die kerk kan plaas. Om stabiliteit in werk/inkomste te verseker, kan dit dus gebeur dat ons nie kan weier nie. Onder sulke omstandighede is die keuse wat gemaak word natuurlik nie direk af te wys nie. Solank die motiewe Christelik-verantwoord is en die sukses

oorweginge nie alleen-oorheersend raak nie.

**Is dit nuttige arbeid? Is dit nuttig vir my? Is dit nuttig vir my naaste?**
Nie alle arbeid het dieselfde nut nie en as Christen moet ons die arbeid met die hoogste nut en betekenis hoog plaas. Dit geld nie net vir die tipe werk nie, maar ook vir die plek waar die spesifieke werk uitgeoefen word. Dit bring ons byvoorbeeld by die vraag of jy sport jou beroep kan maak (is dit nuttige arbeid?). Of, kan ek 'n beroep kies waarvan ek byvoorbaat weet dat dit alleen in verafgeleë plekke beoefen kan word (is dit nuttig vir my?)?. Sal die beroep en die daarmee gepaardgaande ver weg wees van die kerk, my verhouding met God versterk of juis verswak? Sal dit my nader aan Hom bring, of sal dit die kans om van Hom af weg te dwaal vergroot?

Hier kan ons wel onderskeid tref tussen bv. beroepe van suiwer wetenskaplike belang en beroepe met 'n Christelike/diensbaarheids inslag, soos byvoorbeeld ontwikkelings-hulp, vlugtelingehulp of sending (is dit nuttig vir my naaste?).

**Slotsom**
Speel die geografiese ligging van die kerk 'n rol in jou beroepskeuse? Ek voel, as Christen sal ons ja moet antwoord. Dit beteken wel dat dit moeiliker kan wees om 'n verantwoorde beroepskeuse te maak. Maar, as kinders van God mag ons ook in hierdie sake na Hom gaan in ons gebed en ons vrae, probleme en verwagtinge aan Hom voorlê en om Sy leiding vra.

Bron: Teologiese Etiek , Dr. J.A. Heyns

# WAT BETEKEN DIT OM BUBELSTUDIE TE DOEN?

***Leonie Smit***

Volgens die woordeboek, beteken die woord *Bybel* , "Die Heilige Skrif, die Woord van God". Daarom sou dit eenvoudig natuurlik wees om die Bybel te bestudeer, om die Heilige Skrif so beter te leer ken. Dit kan egter gevaarlik wees om net op hierdie manier aan Bybelstudie te dink. Uit die Skrif self leer ons waarom en hoe ons met die Woord moet omgaan.

Volgens Matt 18:20 sê die Woord: "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is ek in hul midde." Dit beteken dat die Gees van God teenwoordig is waar rondom die Woord van God, in die Naam van Jesus Christus, vergader word. M.a.w., rondom 'n vergadering in Jesus Christus se Naam, of waar die Woord bestudeer word. Die Gees werk dus deur Sy Woord in elkeen wat in geloof met die Woord van God omgaan.

Om kennis van God se Woord te hê, beteken nie noodwendig om die die Ware kennis van die Woord te hê nie. Baie mense wat vandag die Woord bestudeer het baie kennis oor die Woord van God, maar as daar na hulle uitsprake oor die Woord geluister word, soos dat die Woord nie in elke opsig histories korrek is nie, waarsku dit ons dat 'n mens se studie van die Woord vanuit die uitgangspunt dat dit God se Woord is en nie die geskrifte van mense met verskillende sienige wat menslik vol foute kan wees nie, benader moet word.

Ons kan Ware kennis van die Woord net deur die geloof in Jesus Christus kry. Dan is daar nie meer 'n afstand tussen ons en Jesus Christus nie, maar ontstaan daar 'n intieme verhouding met Jesus Christus. Dit is Jesus self wat met jou praat. Deur die Woord leer ons ons sonde ken, hoe ons vergifnis van ons sondes ontvang en dat ons net deur Jesus Christus die Ewige Lewe kan verkry. Nie deur die hoeveelheid kennis wat ons oor die Woord beskik nie. Ook leer ons uit die Woord, dat ons nie uit eie verdienste die Ewige Lewe kan verwerf nie, maar slegs deur die genade van God.

Dit skeld ons egter nie vry van die verkryging van kennis van die Woord nie. Die Woord self waarsku ons, dat om geen kennis van God te hê nie, jou tot beskaming sal wees (1 Kor. 15:34). Dit is dus 'n opdrag van God om kennis van die Woord te versamel. In Romeine word duidelik gemaak dat geloof uit die gehoor, en gehoor uit die Woord van God is. Dit is dus nodig vir ons om saam na die Woord van God te luister en dit ook saam te bestudeer. Om in jou geloof te groei, moet jy egter self ook verdere selfstudie van die Woord doen.

Die Woord beveel ons verder om nie die onderlinge samekomste te verwaarloos nie. Ons moet saam met die heiliges, die uitverkorenes, rondom die Woord van God vergader, om mekaar in geloof op te bou en die ware kennis te versterk. Daardeur groei ons verhouding met God. Ons moet daarin altyd die eer aan God gee, want ons ontvang dit alles uit Sy Genade.

# Deur die sleutelgat

Welkom in my ope arms, my kinders.

"Knowledge is Power". Dit is die algemene opvatting van die akedemici in ons midde. Maar hierdie kennis moet op amper dieselfde wyse vergader word, as waarop die mens sy brood sal win, met moeite, sweet en baie koffie. Te midde van sulke belaglike druk, moet mense natuurlik goed rus. Vra maar vir Bush. Ek moet hier myself net gou op die skouer klop vir die perfekte voorbeeld.

Soos ek gesê het, studente moet rus. Aangesien selfs 7de Laan opsy geskuif word om sodoende alle kosbare tyd aan Protozoas, Ko-binnehoeke, Alleterasies en natuurlik Rentabiliteit en Likiditeit te kan skenk, is daar min tyd vir ontspanning. Maar voor julle die hare uit jul koppe begin trek van die skynbare hopelose situasie, daar is een ligpuntjie. Die ligpuntjie is 'n heel besonderse ligpuntjie. Dit gee moed, maak slap hande weer sterk en blaas krag in moeë lywe. Dit is aan die begin van die week sigbaar en groei, totdat dit op Sondag deurskemer: koffiedrink.

Uiters uitbundig, luidrugtig en plesierig. Net 'n paar woorde wat die koffiedrink by Hester opsom. Omdat, soos ek hiervoor beskryf het, almal te veel energie gehad het, is daar sommer van die staanspoor af besluit om hulle energie te kanaliseer. Ja, gee hulle kaarte en hulle is soet. Ongelukkig was dit 'n naiewe oplossing. Ek het belowe om nog statistieke oor sekere van die kaart meesters deur te gee. Ons nommer een speler en bekroonde koning van die kaarte, Harold, was teleurstellend. Hy skryf dit toe aan aweregse afleiding komende van sy beter helfte. Ons glo jou hoor! Een speelster, met geen klem op die "ster" nie, het haar stem dik gemaak. Onbeskaamd het sy die spel in 'n swak lig gestel. Olga het die oorweldigende aantuigings van vuil spel van die hand gewys. "Ek kroek nie, julle...!!" was haar oortuigende verweer...

Verder was daar nog 'n gesellige aandjie by die Hakies alhoewel ons dit kan reduseer na "Haak", aangesien Jaco alleen tuis was. Elke jeuglid besef die erns van die saak... As jy 'n aand alleen by die huis is, is dit 'n gulde geleentheid om almal uit te nooi. Maar ongelukkig was nie almal teenwoordig nie. Ons het lank getob oor wat die oorsaak kon wees, totdat ons die Burger oopgeslaan het. Die immergroen en gewilde orrelis Martin Mans was op sy wêreld toer en het in die Kaap opgetree. Hy het blykbaar sy kritici stil gespeel en kan uitmuntend

improviseer. Daar was nogtans aangenaam verkeer by die tantes van Nantes. Met Alex se koms was daar natuurlik uiters stimulerende gesprekke van die boonste gestoeltes. Hy het gekom om nuwe perspektiewe te deel en om sy verjaarsdag hier te vier. Ons voel geëerd hoor!

Ilze het nou besluit sy gaan 'n enorme poging aanwend om die titel van gasvrou by uitstek te verower. En mense, as julle enigsins nog insae wil hê, moet julle voluit gaan, want dis moeilik om haar wenresep van 'n pooltafel te verbeter! Dit is 'n nuwe faset in die Kaap en ons verwag dat dit vinnig aanklank gaan vind en elkeen binnekort een sal hê... Welgedaan Ilze!

En dis dan ook nie snaaks dat sy gewillig was om haar huis vir Alex se verjaarsdag oop te stel nie. Daar was natuurlik groot festiwiteite en 'n vreemde taal is gepraat wat baie soos Grieks klink, maar jou ook aan Afrikaans laat dink. Niemand kon nog vasstel wat dit regtig is nie. Enigiemand met navrae, sal maar vir Alex moet kontak, aangesien hy die enigste een is wat die taal magtig is. Daar is ook 'n webwerf genaamd: HoorIkEenVuilnisbakKlepperen?@jahoor.com vir verdere inligting.

Net 'n spesiale vermelding van Albert wat heel nederig ontken het dat hy kan pool speel. Om net daarna almal te verwoes. Ons sou graag wil weet waar hy sy kunsies geleer het!

Die inspuiting van adrenalien wat Ilze veroorsaak het was toe ook net so vinnig verby.
Die week van vakansie het almal wondere gedoen want daai Sondagaand was almal moeg en is daar al vroeg huistoe se kant gestaan.

Die laaste interessante brokkie nuus is dat ons suster Anna verjaar het en blykbaar was dit 'n aand om te onthou. Sy het 21 geword en begin al die grys hare tel! Die dames is mos so oor ouderdom! Ons kon nie vasstel of dit werklik die geval was nie, omdat haar hare weer gekleur was. Toe die aand laat raak en dit dreig om rustig te word, het Carien dit op haar geneem om die stilte (en glas) te verbreek. Nie dat dit nodig was nie, want die spel PimPamPet is nie bepaald een van die mees vreedsames nie! Baie geluk Annamarie en mag daar nog vele wees.

Onthou: Net soos die oog met moeite oopbly soos die slaap stadig maar seker toesak en die ooglede langsamerhand toeval, so is die Sleutelgat presies nie.
Tot 'n volgende keer, vriende!

# Voetspore

Hey Jeug

Dit is weer daai tyd van die jaar, wanneer almal agter die boeke 'hiberneer' vir eksamens en toetsweke. Ek wil net van hierdie geleentheid gebruik maak, om die matrieks uit te sonder en hul baie sterkte toe te wens vir die eind-eksamen wat nou al aan die gang is.
Maar gelukkig was daar 'n kuiertjie of twee vir die jeug gereël, soos die 'plaasnaweek', wat by van der Sluis gehou is. Daar was 'n hele klompie mense, selfs van heinde en verre, soos Johannesburg. "The league of extraordinary tien-op-en-neers" (Miti, Petra, Hendrik en Alex) was, soos altyd, met 'n liga in 'n Brooklyn coffee-shop besig, terwyl die plaas-jeug hopeloos verdwaal het tussen die bale en halwe sonneblomme. Almal het gelukkig lewendig teruggekom, alhoewel daar woeste swaardgevegte met sonneblom-stok-swaarde en ander illegale mannewales op die hooibale gehou is. Tot

die vroeë oggendure is daar gemingle, en 'n rukkie later het oupa Marius vir die laatslapers 'n 'rude awakening' gegee met yskoue water. Tanya het nie net haar radio-skills gewys nie, maar ook haar kook-skills. En so het nog 'n kuier verbygevlieg (die sonneblomstokke en grondkluite sommer ook).
Maar 'n week daarna was dit gelukkig weer DIE race van die jaar: "The Amazing Race". In totaal was daar 'n volle 26 spanne van elk 3 lede wat geswoeg, gesweet en amper omgekom het! Drie spanne het selfs moed opgegee! Goeie voorbereidings is getref, van Duitse woordeboeke (tante Jeanette) tot watergewere (Marlies). Daar was groot druk op die 'defending champs', naamlik Eric, Jan Gerryt en Ronald, maar omdat hulle die hele 'wêreld' deurgesoek het vir 'Disneyland', moes die 'favourites' toe ongelukkig by die eindpunt die volgende aanhoor: "Welcome to France, you're the sixth team to arrive." Die jeug moes hul koppe in skaamte laat sak toe die Ooms Zweers, Meier en 'n familielid die Wenners-wisseltrofee onder hul oë weggesteel het! Na 'n hele paar ure, was almal darem klaar, waarna die pryse oorhandig is. Willemien, Wilma en Marjan het met die prys vir die beste verdwalers van die aand weggestap, maar die race was 'n groot sukses en die volgende een sal nog beter wees. Maar eers het ons tyd nodig om te leer lees!

Dit sluit die voetspoor af vir die keer. Tot volgende keer, tjeerio.




# ONS RYKDOM

*Maandag 26 Junie, het ek met 'n uitreik-aksie, wat onder die toesig en verantwoordelikheid van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort staan, na Malawi vertrek. Ek wil baie graag my ervarings met julle deel, sodat ons as jeug dalk hierdeur gestimuleer kan word om dalk iets soortgelyks te doen. Verder hoop ek, dat julle saam met my kan besef watter rykdom ons besit.*

Ons het deur Botswana en Zambië na Malawi gery, 'n afstand van 2800km, in 'n kombi. Dit het ons vier dae geneem om by ons bestemming, Mtakataka, te kom. Mtakataka is 'n klein plattelandse dorpie, ongeveer 7km vanaf die Malawimeer. Dit is 'n baie arm dorpie, maar daar is 'n groot persentasie Christene woonagtig. Ons het die daaropvolgende Vrydag en Saterdag daaraan gespandeer om onsself op die komende week se opleiding van ouderlinge en jeug voor te berei. Dit behels eerstens 'n studie van die kursus wat ons sou gaan aanbied en tweedens die voorbereiding van kos. Die kos-voorbereiding werk nie soos in Suid-Afrika nie. Ons moes 'n lewende bok koop (slegs R100 vir 'n volgroeide bok) en slag. Uit 'n biologiese oogpunt het ek dit baie geniet. Ons het die arme bok heeltemal gedissekteer.
Die Vrydagaand het ons saam met 'n NG jeuggroep wat die "Jesus"-film (nie "The Passion of the Christ" nie, maar die "Jesus"-film, wat getrou aan die Bybel op die Markus evangelie gebaseer is) vertoon het, gegaan. Ek was oorspronklik baie skepties. My hele lewe lank leer ek al, dat dit verkeerd is om na so 'n film te kyk. Maar dit was 'n baie interessante ondervinding om die ongeveer 1000 swart mense wat die film gekyk het, se reaksie te sien. Dit het my laat wonder oor al ons streng reëls. Hier in Malawi het ons in een

aand vir 1000 mense die evangelie verkondig. Sonder die film sou dit onmoontlik gewees het.

Maandag het die opleiding uiteindelik begin. Hierdie opleiding was spesifiek daarop gerig om die ouderlinge te leer hoe om preke te maak. Dit is hoofsaaklik deur twee predikante van die GKSA behartig. Verder het ons saam met die jeugleiers van die plaaslike kerk 'n evangelisasie-kursus deurgewerk. Dit mag miskien vir jou snaaks klink dat ek sê dat ouderlinge opgelei is om preke te maak, omdat hier in Suid-Afrika ouderlinge geen preke maak nie. Daar is dit egter dringend noodsaaklik, omdat hulle kerk-stelsel heeltemal anders funksioneer. Hulle is 'n groot kerk van ongeveer 3000 lidmate wat oor 'n groot gebied woon. Die gebied is in 'n klomp verskillende wyke ingedeel, wat elkeen 'n afsonderlike kerkgeboutjie het waar hulle saamkom. Die kerkies lyk nie soos hier nie. Die kerk bestaan uit 'n grasdak op pale, met 'n preekstoel voorin. In elkeen van hierdie kerkies kom die dominee ongeveer slegs een keer per jaar en vir die res moet die ouderlinge preek. Die ouderlinge se kennisvlak is ook baie laag. Oor die algemeen weet die normale lid in ons kerk veel meer as wat so 'n ouderling weet. Die normale ouderling daar het ook waarskynlik net matriek gemaak en hy besit net 'n Bybel. Deur die dag werk hy op sy veld waar hy rys en mielies verplant. Saans kuier hy maar om sy vuurtjie voordat hy gaan slaap.

*Ons het die jeug opgelei om te evangeliseer. Ons het op sterk jeugleiers gefokus wat dan weer verder uitdra wat ons hulle geleer het. Ons het voortdurend die genadeleer beklemtoon. Indien mens amper enige iemand in hulle kerk vra :* "Hoe gaan jy hemel toe?" *kom die antwoord direk :* "Deur die tien gebooie te gehoorsaam", *in plaas van die korrekte antwoord* "deur die geloof in Jesus Christus". *Verder :* "Is jy seker jy gaan hemel toe?" *kom weereens die antwoord :* "Nee, ek weet nie, 'n mens kan nie seker wees nie", *in plaas van die sekerheid wat ons behoort te hê. Dan laastens die vraag :* "Hoekom gehoorsaam jy die tien gebooie?", *waar die antwoord moet wees uit dankbaarheid, kom die antwoord :* "Om hemel toe te gaan". *Dit in 'n kerk wat die drie formuliere van eenheid bely… Dit is hoekom ek as titel vir die artikel geskryf het "Ons rykdom", omdat ons 'n onskatbare rykdom besit. Ons het soveel kennis ontvang en mag seker wees van ons redding. Ons is nie meer slawe van 'n wet nie!*

Nou wil ek vra dat elkeen van ons onsself moet ondersoek, eerstens of ons die genadeleer ten volle aanvaar? Dink ons nie baie keer ons gaan hemel toe omdat ons

sulke goeie Christene is, of omdat ons in die VGK kerk is nie? Wil ons nie maar altyd onsself probeer red, in plaas daarvan om ten volle op Christus te leun nie? Dan ook die vraag: Waar is ons dankbaarheid? Waar is jou dankbaarheid - jou vrugte van die geloof?
Laastens nog 'n opmerking: Jy as Christen bely al die bogenoemde antwoorde as korrek, maar ervaar jy dit ook emosioneel of is dit net 'n verstandelike besluit dat jy in Christus glo. Het jy geweet dat as jy nie met hart, siel en verstand in Christus glo nie, jy nooit gered sal word nie?

Laastens wil ek 'n voorbeeld gee van hoe ryp die oes in Malawi is. Ek het een Sondag buite gesit met my Bybel op my skoot en hier kom vier onbekende jong swart mans na my en vra my uit oor die Bybel. Ek het so die geleentheid gehad om die evangelie met hulle te deel. Hierdie geleenthede is sekerlik ook in Suid-Afrika: Gaan na 'n staatshospitaal op die regte tyd, en vra of jy mag bid en Bybel lees vir iemand. Die kanse is ten minste 50% dat jy gaan lees vir die persoon en 'n gesprek sal kan aanknoop. Ek noem nou die hospitaal as voorbeeld, maar daar is nog baie ander plekke soos by die skool, werk ens. Ons het 'n roeping om die evangelie te versprei. Doen ons dit? Al ons kennis plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons.

As afsluiting wil ek net noem dat die opleiding baie geslaagd was. Ons kon baie duidelik die seën van die Here waarneem in alles wat ons gedoen het. Ek sal baie graag saam met ons kerkjeug ook op 'n uitreik-aksie wil gaan met die steun van die hele gemeente. Die oes staan en wag op die lande!

Ruard Stolper

---

# *A Prayer*

*is so often*
*just words unspoken,*
*whispered in tears*
*by a heart*
*that is broken...*
*for God already*
*deeply aware*
*of the burdens we find*
*too heavy too bear.*

## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| **Johannesburg** | |
| Marietjie Bijker | 22-Des |
| **Kaapstad** | |
| Bianca | 21-Nov |
| Arjan van der Lugt | 22-Nov |
| Ilse | 24-Nov |
| Jaco | 8-Des |
| Elisabeth Raimond | 10-Des |
| Anja | 12-Des |
| Olga | 13-Des |
| Magda Geleijnse | 31-Des |
| **Maranata** | |
| Cora Visser | 16-Nov |
| Sietse vd Meulen | 24-Nov |
| Regina vd Bout | 30-Nov |
| Johan Sterk | 1-Des |
| Willem Sterk | 1-Des |
| Gerda de Jager | 9-Des |
| Maryke Aartsma | 9-Des |
| Thys van der Hout | 13-Des |
| Marinus vd Hout | 19-Des |
| **Pretoria** | |
| Johan Bijker | 15-Nov |
| Carina Bijker | 5-Des |
| Tanya de Vente | 7-Des |
| Lientjie Stolper | 17-Des |
| Richard de Vente | 23-Des |
| Timo Schuring | 28-Des |

# Kongres 2004



Aandag ALLE jeuglede!

Het julle geweet kongres is van Maandag 20 tot Vrydag 24 Desember? Net vir in geval julle gewonder het of daar darem iets in die pyplyn is. Omdat daar te veel aandag geskenk is aan alle ander aspekte van Kongres 2004, het die bemarking daarvan effens skade gely…

Maar aan die ander kant, 'n kongres in die skone Kaap van ons hoef natuurlik nie eintlik bemark te word nie! Ons twyfel nie daaraan dat die Gautengers in groot getalle hier gaan opdaag nie. As jy nou nog nie kan besluit of dit die moeite werd gaan wees nie – stel jou die volgende scenario voor:

Dit is 35°C. 'n Ligte briesie waai deur jou hare. Jy hoor die vrolike gekwetter van mede VGK-ers om jou, terwyl julle voete wegsink in die spierwit sand *aan die voet van Tafelberg, waar die son sak op Blouberg se strand* (alias Laurika Rauch).

Oortuig? By die Hawekwa jeugterrein gaan ons nie net vet pret hê nie; maar onsself ook geestelik verryk. Ons het sprekers *uit die boonste gestoeltes* ( om nie te veel soos Oubaas te klink nie ) genader, en hulle het gewilliglik ingestem. Die onderwerpe is soos volg:

Tema: Christelike Lewensstyl

- Selfverloëning / navolging van Christus (Dr H Breytenbach)
- Vreemdelingskap / wêreldgelykvormigheid (Br K Haak)
- Kultuur en Christenskap (Br A Roos)
- Christelike vryheid (Ds E Viljoen)

Vir enige onheilighede wat daar dalk mag uitbroei, wat natuurlik ongekend is in die VGK-jeug sal Willem en Annelies Roos met hulle drie pragtige kinders daar wees om 'n ogie te hou. Om *saggerijnigheid* te voorkom sal Watse en Petrie Eefting ( ook met drie oulike kinders ) sorg dat ons mae gevul bly met heerlike disse ( hy is immers 'n opgeleide chef ).

*Eendag lank, lank gelede…* Waaraan laat dit jou dink? Kom herleef jou onskuldige kinderjare by die Kongresete 2004. Dis reg, ja, die tema is sprokies. Rooikappie, die drievarkies en Pinnochio is onder andere op die gastelys.

Sien julle Desember, tot volgende keer. Laat dit juig!